Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# DIE O.B.

Jrg. 6. Kaapstad, Woensdag, 12 Februarie 1947. Nr. 11.


# Hulp Gevra Vir Stakers

***Die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, doen onderstaande oproep in verband met die mynstaking aan die Rand:***

*Die stakende mynwerkers doen 'n beroep op kerke, volksliggame en verenigings om steun vir die gesinne van die stakers. Die Ossewabrandwag wat ses jaar lank die Noodhulpfonds vir noodlydende vrouens en kinders alleen moes dra, besef wat die nood van hierdie Afrikanerwerkers se vrouens en kinders moet wees.*

*Die stakers se beroep is dat geld gestuur word aan mnr. J. Steenkamp, p/a Du Plessis en Nel, Voortrekkerstraat 600, Brakpan. Ook word reëlings getref om hulp in die vorm van koswARE, vrugte ens. te behartig.*

*Intussen kan donasies aan bogenoemde adres gestuur word en die werkers is by voorbaat verseker van die warme meegevoel van die Beweging, talle van wie se lede skouer aan skouer met die andersdenkendes in die geledere van die stakers te vinde is.*



Dr. J. F. van Rensburg

# Ons Sal Hul Wys Dat Ons Onthou!

**Genle. mev. S. Voigt, waarnvroueleidster van Wes-Kaapland (Gebied A) skryf as volg in verband met Vryheidsdag:**

**Ook tot die vroue van Suid-Afrika kom andermaal die wekroep om saam met ons mans ons geledere te sluit en die roemryke oorwinning deur ons vadere op Amajuba behaal, op waardige wyse te vier.**

**Immers dis uit die heldedade van sy Volk — die Afrikanervolk — wat die O.B. sy moed en besieling put.**

**Met onwrikbare vertroue en ontembare moed gaan ons die bange toekoms tegemoet!**

**Daarom maak ek hierdie hartstogtelike beroep op u om Vryheidsdag, 27 Februarie, waardig en pligsgetrou waar te neem.**

**Laat ons aan die vreemde besoekers in ons land toon dat die Boerevolk nog sy helde en veldslae teen Britse agressie onthou!**



GENLE. MEV. S. VOIGT.

### SO SING ONS

*Die golwende veld is ons woning,*
*En ons dak is die hemelblou;*
*Die VRYHEID alleen is ons koning,*
*Sy wagwoord is: „Handhaaf en Bou."*
*Die stryd wat ons vaders begin het,*
*Sal woed tot ons sterf of gewin het.*
*Dit is die eed van Jong Suid-Afrika!*

(Eitemal)

# Onreg Waarteen Gestaak Word

**In onderstaande artikel gee ons 'n kort oorsig van die redes wat aanleiding gegee het tot die grootskaalse protes van mynwerkers aan die Rand wat gelei het tot 'n staking waarin byna drie-kwart van die ondergrondse werkers betrokke was — inderdaad het slegs bietjie meer as 4,000 van die 11,000 lede van die mynwerkersbond nie aan die staking deelgeneem nie.**

Die staking het aan die begin van die week nog steeds veld gewen in getalle en ontvang ondersteuning van oor die hele land.

**Die moeilikheid het sy oorsprong in 'n noodregulasie van die regering aan die begin van die oorlog toe die Brodrick-bestuur van owerheidsweë vir die duur van die oorlog in die saal geplaas is met uitdruklike verbod op enige kritiek deur lede van die mynwerkersbond.** Teen hierdie reëling het die mynwerkers verlede jaar tot 'n staking oorgegaan, en 'n kommissie van ondersoek is deur die regering aangestel. Die kommissie het 'n verslag uitgebring waarin die Brodrick-bewind skerp veroordeel is, en 'n verandering van konstitusie is **voorgestel wat groter seggenskap aan die lede sou verseker.**

'n Verkiesing vir die algemene raad is volgens ooreenkoms gehou, en die eerste uitslae het 'n oorweldigende meerderheid vir die stakers aangedui. **Maar hier het die verkiesings geëindig, hoewel daar nog 'n paar plekke uitstaande was — almal plekke waarin die stakers in die meerderheid was. Die ooreenkoms met die stakers om 'n vrye verkiesing te laat plaasvind, is dus nie nagekom nie.**

### INMENGING

Die verenigde mynwerkers (stakers) het daarop 'n interdik aangevra teen die hou van 'n algemene raadsvergadering waarop, behalwe die aantal verkose lede uit die onvoltooide verkiesing, ook die amptenare van die ou bestuur sitting sou hê.

Die hof het gelas dat die notule van die kommissie aan hom voorgelê word. Daaruit het geblyk dat die kommissie besluit het om die uitgestelde verkiesing in Krugersdorp te laat plaasvind, **maar dat dit nie gedoen is nie nadat die sekretaris van Arbeid op bevel van die Minister van Arbeid, dr. Colin Steyn, die volgende dag die kommissie gaan spreek en versoek het dat geen verdere verkiesings moet plaasvind nie en dat die betaalde amptenare in die algemene raad sitting moet hê.**

Die posisie was toe so dat Verenigde Mynwerkers (stakers) aan die Rand 19 verteenwoordigers op die algemene raad gehad het plus nog drie van die buitemyne (volgens indeling van die stemdistrikte onder die konstitusie het ook buitemyne tot in Natal en Oos-Transvaal verteenwoordiging op die mynwerkersbond. Dit beteken dat die Rand met sy 14,000 werkers 30 verteenwoordigers kry teenoor 14 van die buitewyke met slegs 2,700 lede) **wat hulle 'n totaal van 22 op die raad gegee het teenoor 11 van die ou mynwerkersbond. Saam met die 17 betaalde amptenare, wat almal die mynwerkersbond ondersteun, sou die ontevrede mynwerkers dus in die minderheid gestel gewees het ondanks die feit dat die verkiesing hulle 'n oorweldigende meerderheid besorg het!**

Indien die verkiesing sy volle verloop gehad het, was dit 'n uitgemaakte saak dat die ontevrede mynwerkers selfs 'n meerderheid van een sou gehad het oor die elf verkose teenstanders plus die 17 amptenare.

Dit is teen hierdie toestand dat daar nou weer gestaak word, aangesien die mynwerkers deur 'n groep betaalde amptenare, wat aangestel is onder 'n bewind wat deur 'n staatskommissie veroordeel is, in die minderheid gestel word. Hulle beskou dit as in stryd met die mees elementêre beginsel van die demokrasie.


◇◇◇◇◇◇◇◇◇◇◇◇◇◇◇◇◇◇◇◇◇◇◇◇

## Blaas Hoog Die Vlam

**Brandwagte, elke vuurstapel wat om nege-uur die aand van 27 Februarie opvlam, is 'n besieling vir die republikeinse oog wat geen konings soek nie omdat hy geen konings verloor het nie. In elke kommando in die Unie: Blaas hoog die vlam! Die kruin van Amajuba sal sy plig doen. Doen u u plig! — (Die K.G.)**

◇◇◇◇◇◇◇◇◇◇◇◇◇◇◇◇◇◇◇◇◇◇◇◇

# MOTORS VIR KONING



**Die regering het, volgens berig uit Londen, veertien Daimler-motors spesiaal bestel vir die koning se besoek. Op die foto is 'n deel van die motors te sien nadat hulle in Engeland voltooi is. Volgens die direkteur van die maatskappy by wie die bestelling geplaas is, kos elke motor £3,100.**

### WONINGNOOD IN KAAPSTAD

In Kaapstad wag daar op die oomblik 7,452 mense om huise. Die getal is vinnig besig om toe te neem. Gedurende die afgelope maand het die syfer met 546 gestyg, van wie 157 oud-soldate is.

Teenoor hierdie stygende aantal aansoeke om huise, kon gedurende die afgelope maand slegs aan 107 persone huisvesting verskaf word. Van hierdie getal was 80 oud-soldate.

# Perslawaai Kos Dalk Prinses Haar Kêrel

**Die verregaande pogings van die Britse pers om 'n histerie op te wek by die Suid-Afrikaanse publiek ter huldiging van hul koning het so 'n omvang aangeneem dat dit nou begin dreig om die kroonprinses se liefdesake in die war te stuur. Haar aanstaande kêrel begin al kopsku raak vir die Britse gedoente.**

Vir spysverandering is 'n hardnekkige stroom gerugte in die Engelse pers volgehou dat die prins van Griekeland, 'n familielid van die koning, besig is om verlief te raak op prinses Elizabeth en dat hulle twee een van die dae dalk kan afhaak.

'n Bietjie ongewoon aan die geklikheid van Britse publisiteit het hierdie koninklike bloedverwant uit Griekeland hom die saak baie erg begin aantrek en blykbaar te kenne gegee dat die openbaarmaking van sy flikkergooiery moontlik die hele vryery kan verongeluk.

„Iemand wat baie na aan die koninklike gesin staan", het 'n persman meegedeel dat die prins, wat in die Britse vloot is, baie skaam kry as hy in die koerante van sy privaat saak lees en dan voor die matrose moet verskyn. Een van die gerugte wat veral beklemtoon is as ongemaklik vir die prins is dat die prinses self gesê het dat „Prins Philip haar keuse is".

ELLENDIG

**Die woordvoerder het verklaar dat hy nie kan sê of die verlowing nou nog sal plaasvind nie, „maar dit ly geen twyfel nie dat hierdie perslawaai die kans daarop benadeel en dat dit die Prins se lewe in die vloot ellendig maak."**

Ewe onverbiddelik gaan die propaganda-berig dan voort om te beduie dat daar voorbereidsels in die paleis getref word vir die verjaardagviering van die prinses by haar terugkeer in Engeland, wat weens die reuse-omvang eintlik op 'n verlowingspartytjie dui!

Daar is in die berig verwys na die feit dat die Griekse prins gewoonlik vakansie gaan hou by die paleis, daar hy 'n familielid is.

## Slegs Een Lid Van Opposisie Weier Uitnodiging

**Na verneem word, het al die lede van die opposisie op een na, die uitnodiging om die partytjie wat op Woensdag, 19 Februarie, te Fernwood ter ere van die Britse koning gegee word, aangeneem. Die middag sal gesellig met die vorstelike gesin deurgebring word.**

Ook die leier van die opposisie, dr. D. F. Malan, sal in sy hoedanigheid as leier van die opposisie teenwoordig wees en die voorreg hê om die Britse koning, die koningin en die twee prinsesse te ontmoet en in geslote kring met hulle te gesels.

**Die uitnodiging kon natuurlik nie van die hand gewys word nie ter wille van die aanstaande verkiesing en die Engelse stem wat hiermee op die spel geplaas word.**

Die lede van die volksraad is ook uitgenooi na 'n staatsbanket wat op 17 Februarie in die stadsaal plaasvind. Hoeveel lede van die opposisie hulle opwagting by hierdie geleentheid gaan maak, kon nie vasgestel word nie.

## Koning Dans Dalk Met Nie-Blankes?

**Die Britse koning en sy gesin sal moontlik deelneem aan die nie-blanke dansparty wat deur die burgemeester van Kaapstad ter ere van die Britse gaste gereël is.**

Sowat 4,000 nie-blankes van die Skiereiland en omgewing is deur die burgemeester, mnr. A. Bloomberg, uitgenooi om op 19 Februarie in die Kaapstadse stadsaal uiting aan hul feesstemming te gee. Na die departement van die stadsklerk meedeel, sal dieselfde prosedure en gebruike op hierdie dans gevolg word as op die blanke dans wat die vorige aand plaasvind.

Op die blanke dans is die Britse koning en sy gesin die gaste van die burgemeester en as die eregaste sal hulle ook aan die dans deelneem. Uit vrees dat daar deur die publiek van Kaapstad beswaar aangeteken sal word teen 'n gemengde dansparty, waar swart en wit saam dans, is besluit om twee danse te gee. Die een vir die blankes en die ander vir die nie-blankes. Die versekering is ook gegee dat daar teen niemand gedurende die koningsbesoek gediskrimineer sal word nie. Om dus nie sy nie-blanke onderdane te beledig nie, sal die koning, die koningin en die twee prinsesse hulle in die arms van die nie-blankes moet begeef. Daar kon egter nie met sekerheid vasgestel word wat die houding van die Britse gesin teenoor die nie-blanke dans sal wees nie.

## Nie-Blankes Voortaan In Aparte Waens

Volgens inligting wat deur die spoorweë verstrek is, blyk dit dat die spoorweë in die Kaapse Skiereiland van voorneme is om die kleurskeidslyn in die toekoms konsekwent op die treine toe te pas en nie meer toe te laat dat nie-blankes saam met blankes in een wa ry nie.

Die nuwe stelsel maak voorsiening vir eerste- en tweedeklas waens vir nie-blankes, maar hulle sal behoorlik onderskei word van die waens van blankes deur kennisgewingbordjies wat op die waens aangebring sal word. Die stelsel sal hopelik vanaf Maart in werking kom.

# Oom Andries Word Koning

Neef Karel, ek droom mos verlede nag so 'n snaakse droom. Dit gebeur dikwels met my as ek saans na ete in die koerant lees, dat ek die nag weer doenig raak met die goeters wat in die koerant gestaan het. En die laaste tyd is die koerant net die ene koning en prinsessies, en juis gisteraand lees ek toe mos hoe die Britse koning oorval is deur 'n groot orkaan. Ek raak toe aan die slaap en ek droom hier kom 'n paar mense op wit perde aangery na my huis. Hulle sê toe vir my: „Andries Kruger, ons het gekom om jou tot koning te salf. Van vandag af is jy koning en jou naam sal voortaan wees Andries van Vuuren.

Soos hulle gekom het, het hulle verdwyn, maar neef, toe bemerk ek skielik dat daar 'n groot gedrang in my huis is. Soos ek my hekkie binnekom, neem 'n klomp kêrels net portrette; die een neem eintlik die ander af om in die koerante te wys hoe ek afgeneem is, en koerantmanne hol reisies om die eerste by die hek uit te kom. En, neef, hier het my ellende begin. Elke aand as ek die koerant oopmaak, lees ek maar in groot letters berigte soos: „Andries van Vuuren stap veekraal toe"; „Tant Ellie vandag tweemaal by agterdeur uit"; „Nig Lettie vat koue na warm bad".

MAAR YDEL

Jy weet, neef, vrouens is maar ydel en my vrou en dogter het dit net baie geniet om hul name in die koerant te lees, maar vir my was dit 'n doring in die vlees. Ek kan nie sit of staan, of die koerante berig dit. „Andries van Vuuren gaan môre vir sy buurman kuier. Dit sal goed wees as oom Karel se kok in gedagte hou dat oom Andries lief is vir hard gekookte eiers en dat hy baie koffie drink," lees ek. Ek kon nie dink waar die koerant daaraan kom nie, en toe ek bietjie navraag doen, vertel ou Adoons my dat hy vir di ekuier gereël het. Ek moet gaan, want ek is nou koning en nie meer my eie baas nie, beduie hy. Van die idee dat ek koning is, het ek nogal gehou, en ek berus toe maar by Adoons se reëlings.

Maar pas het die een koerant sy verskyning gemaak, of 'n volgende val in my hand, so droom ek. „Andries van Vuuren gaan gemmerbier kry", lees ek in 'n opskrif, en daaronder lui dit: „Oom Karel het opdrag aan sy vrou gegee om gemmerbier te maak vir die kuier van oom Andries van Vuuren. Die gemmerbier sal vanaand nog warm wees, maar teen die tyd dat oom Andries daar aanland, sal dit heerlik koel wees. Die vloere word vandag opgevryf. Oom Andries het besluit om by dié geleentheid sy kispak aan te trek sonder sy onderbaadjie."

WOEDEND

Ek was woedend en roep my vrou. „Kyk hier Ellie," sê ek, „waar kom die koerante daaraan dat ek my kispak na ou Karel se huis gaan aantrek sonder my onderbaadjie?"

„Ou man," antwoord Ellie, „jy is mos koning en hierdie

(Vervolg in kol. 2)

(Vervolg van kol. 5)

dinge besluit jy nie oor nie; dit word vir jou gereël deur Adoons, soos dinge vir alle konings maar gereël word."

Nou, daar was niks aan te doen nie, maar neef, toe val die koerante so vinnig in my hande dat ek omtrent skaars kan lees. „Oom Andries sit nou op die Stoep", lees ek die een oomblik, en die volgende oomblik staan daar weer: „Oom Andries kom nou net van die stal af." „Oom Andries het vanmôre na die portret van sy oupa aan die eetkamermuur gekyk," lui weer 'n ander berig.

En dit bly nie net by my nie; ook my vrou en dogter ry aan die pen. „Tant Ellie het vandag gaan eiers uithaal. Die henne het dit erg waardeer en baie gekekkel. Haar swart kappie het weens die treffende teenstelling veral mooi gepas by haar groen voorskoot wat sierlik om haar middel vasgebind was."

GROOTSTE SKOK

Toe Ellie hierdie berig lees, het sy gesluk, maar stilgebly. Ek kon sien sy begin nie meer van die idee hou om koningin te wees nie. Maar die grootste skok het seker vir my dogter gekom. Toe ek die koerant oopmaak, val my oog op die opskrif: „Lettie verlief op Gert Grobbelaar," en ek lees verder: „Nig Lettie het vandag 'n ent gaan stap, en aan die manier waarop sy in die rigting van Stofkraal gekyk het, is dit duidelik dat daar 'n romanse aan ontwikkel is tussen haar en haar neef Gert Grobbelaar. Laasgenoemde is verwant aan die Van Vuurens van die Kruger-kant, en na verneem word is ou Adoons met die hele huishouding, net ingenome met die prinses se keuse."

Dit was die einde van my kortstondige koningskap, neef. Ek het Adoons laat roep en gesê hy moet die koerantmanne vir my ontbied. Ek het aan die kêreltjies beduie dat my privaat sake my privaat sake is en dat van nou af geen woord verder oor my of my gesin in die koerante mag verskyn nie.

GEEN KONING

„Maar wat help dit dan dat jy koning is?" het die voorman onder hulle gevra. „As ons nie oor jou skryf in die pers nie, vergeet die mense dat hulle 'n koning het, en dan dink elkeen naderhand vir homself."

„Laat elkeen dan vir homself dink en laat my vir myself dink," skreeu ek en gryp die toga wat die manne met die wit perde my omgehang het en gooi dit voor hulle op die grond. „Daar lê Andries van Vuuren en hier staan Andries Kruger," sê ek, en daar is die deur!"

Neef, toe word ek wakker en ek dink na oor wat ek gedroom het, en dit kom by my op dat 'n mens darem maar nie sommer enige man van die gras af kan vang en hom koning maak nie. Dit is 'n gespesialiseerde amp daardie waar 'n mens eintlik van voorouerskant af aan gewoon moet raak. En dit word toe vir my ook duidelik waarom prinse en konings gedwing word om feitlik maar altyd binne dieselfde familie te bly trou.

# REISPROGRAM

**DIE A.K.G., GENL. J. A. SMITH spreek VRYHEIDSDAGVIERINGS toe op die datums en plekke hieronder genoem:**

| | |
|---|---|
| Woensdag, 26 Februarie, 2.30 n.m. | ELANDSKRAAL |
| Woensdag, 26 Februarie, 8 n.m. | RUS-EN-VREDE |
| Donderdag, 27 Februarie 3 n.m. | LANGKLOOF |
| Donderdag, 27 Februarie, 7 n.m. | DIEPKLOOF |
| Vrydag, 28 Februarie, 8 n.m. | KERKSAAL, GEORGE |
| Saterdag, 1 Maart | OUDTSHOORN |

**Alle Offisiere en Brandwagte word verwag om die funksies by te woon.**

# VRYHEIDSDAG roep U!!!

**KOM OP DONDERDAG, 27 FEBRUARIE 1947, OM 7.30 N.M., NA DIE HOFMEYR-SAAL, GROOTE KERK-GEBOU, KAAPSTAD!**

**DAAR sal Vryheidsdag op indrukwekkende wyse deur die Skiereilandse Ossewabrandwag gevier word — met o.a. Blaasorkes, Wag, Boerejeug, die plegtige KANTATE, aangrypend opgestel en voorgedra, en 'n kort toespraak deur die Gebiedsleier, Dr. F. D. du Toit van Zyl.**

**Alle vriende welkom!**

**— — — — — — — ONS EIS 'N REPUBLIEK!! — — — — — —**

# Vryheidsdagviering

## Program vir 27 Februarie

Vryheidsdag (Amajuba-geloftedag) word op 27 Februarie soos voorheen herdenk.

Hieronder verskyn 'n leidraad vir 'n program wat die aand uitgevoer moet word. (Let Wel.—Inplaas van die kantate voor te dra of 'n geskiedkundige oorsig te lees, mag 'n toepaslike en stigtelike rede (toespraak) gehou word.

Daar word vanjaar geen vasgestelde tyd aangegee vir die afhandeling van gegewe dele van die program nie, aangesien dit in die verlede gevind is dat sommige eenhede 'n langer en ander 'n korter tyd nodig het. Slegs moet gesorg word dat die vuur presies om 9-uur aangesteek word, soos hieronder aangedui, of 'n fakkel as die funksie in 'n saal gehou word.

Die program vir die viering na die kommando-byeenkoms is as volg:

1. Die plegtigheidsverrigting begin die aand wanneer die offisier-in-bevel die fluitjie blaas en die aanwesiges aantree by die hout-stapel, wat later aan die brand gesteek word.

Die verrigtinge begin met Skriflesing (b.v. Josua 1), gevolg deur die sing van 'n gepaste gesang of Psalm (b.v. Ps. 84 vers 6), en kort gebed.

(2) Die Boodskap van die Kommandant-Generaal word voorgelees. (Dit sal later voorsien word.)

(3) Toespraak deur offisier of aangewese spreker; of

Voorlesing van die kantate, 'n gepaste stuk of voorgeskrewe lesing.

(as daar nog tyd oor is word gewyde liedere en/of nasionale liedere gesing.)

(4) Vlamme (intussen in gereedheid gebring) wat die vryhiedsvuur moet aansteek, word deur lede van die Boerejeug met fakkels aangebring en aan die offisier-in-bevel oorhandig onder die sing van Ps. 146 vs. 3.

(5) 9-uur (presies): Die offisier gee die teken deur 'n fluitjie te blaas, steek die vuur of 'n fakkel aan en die ander fakkeldraers volg sy voorbeeld.

Die aanwesiges sing die Lied van Jong Suid-Afrika, verse 1 en 4, wat hier afgedruk word vir die gerief van brandwagte:

En hoor jy die magtige dreuning?
Oor die veld kom dit wyd gesweef.
Die lied van 'n volk se ontwaking,
Wat harte laat sidder en beef.
Van Kaapland tot bo in die Noorde,
Rys dawerend luid die akkoorde:
Dit is die Lied van Jong Suid-Afrika.
(Laaste reël drie keer herhaal.)

(6) Die Vryheidsvuur brand nou deur die lengte en breedte van ons land. Die offisier-in-bevel blaas die fluitjie en roep almal tot aandag en op saluut. Hulle bly staan op saluut vir een minuut in stille bepeinsing in die vuur te tuur.

(7) Die fluitjie blaas om die saluut te beëindig en die offisier-in-bevel lees op plegtige wyse die Vryheidsverklaring en Gelofte soos deur die Grootraad opgestel, nl.:

DIE GELOFTE

„Oomblikke van groot gevaar en groot onsekerheid oor die toekoms het meermale in ons volksgeskiedenis voorgekom. So was dit die aand voor Bloedrivier se slag en so was dit in die oggendskemering voor Amajuba. So is dit ook vandag, in die begin van 1947.

„Soos ons vadere destyds in vertroue op God, vol moed en offervaardigheid, die stryd aangebind het, desnoods tot in die dood toe, so wil ook ons sonder vrees of blaam ons plig doen. Ons ken net een aardse trou en net een liefde — Die Republiek van Suid-Afrika.

„As ons die stryd gewonne gee, is die Vryheidsvlam van Amajuba geblus. En as die regbank van die geskiedenis, wat hoër staan as die regbanke van die Empire, eendag vra waarom die Vryheidsvlam geblus is, sal

> **17 Februarie is vanjaar KONINGSDAG.**
> **Daarin stel ons geen belang nie!**
>
> **27 Februarie is VRYHEIDSDAG.**
> **Daarheen gaan ons almal!**

dit daardie vraag aan ons geslag stel. Aan die Ossewabrandwag sal daardie vraag deur die geskiedenis gestel word, want die Ossewabrandwag is die fakkeldraer van die Republiek.

„Ons gaan so optree dat ons daardie vraag voor die regbank van die geskiedenis kan antwoord sonder vrees of blaam.

„Man en vrou en kind gaan ons die Republiek dien, in ons huise, in ons samekomste, in ons werk, in ons vryhede en in ons gevangenisse.

„Ons het in die Ossewabrandwag die eed gesweer dat ons ons mede-Afrikaner nie in die steek sal laat nie en hom nie aan die vyand sal uitlewer nie. En daardie eed gaan ons waaragtiglik hou. Een vir almal, almal vir elkeen. Ons erken nie net broederskap, maar ook hoederskap, en ons stry uit liefde, nie uit haat nie.

„Dieselfde God wat in 1838 en 1881 die Vryheidsideaal laat seëvier het, sal ook met genade neersien op ons van 1947, wat die stryd van ons vaders wil voortsit.

„Daarom doen ons nou, gesamentlik en afsonderlik, die plegtige gelofte dat ons die stryd vir die onafhanklike Republiek nie sal staak nie en nie in die steek sal laat nie.

„Waar ons vadere dit met wapengeweld gedien het, sal ons dit dien met toewyding en desnoods met lyding, na ons beste vermoë.

„Ons sal sterk wees en vol moed, want die Here onse God is met ons, oral waar ons gaan.

„Die vlam brand nou dwarsdeur die land en ons is met ons broers en susters elders in een groot band saamgesnoer. Amajuba is die simbool van ons Vryheid; Amajuba-berg staan op ons wapen. Amajuba-vlam bly Vryheidsvlam!"

(8) Die offisier-in-bevel blaas die fluitjie en die offisier (hoogste in rang) tree na vore, ordelik gevolg deur die aanwesiges, een agter die ander, en elkeen werp sy stukkie hout op die vuur as teken van die aanvaarding van die verklaring en gelofte (as daar 'n vuur is).

Sodra dit klaar is marsjeer almal een agter die ander agter die offisier aan verby die kissie wat onder die sorge van twee onderoffisiere in gereedheid geplaas is en plaas hul offers (bydraes) daarin.

Waar 'n viering binneshuis plaasvind word aanbeveel dat, aangesien dit onmoontlik is om hout te laat werp op 'n brandende vuur, dit gereël moet word dat die aanwesiges hul bydraes met die verbymarsjeer voor 'n brandende fakkel wat om 9-uur aangesteek word, stort in 'n kissie wat by die fakkel geplaas word.

Die aanwesiges tree weer aan en sing die laaste vers van Die Stem:

Op U almag vas vertrouend het
ons vadere gebou.
Skenk ook ons die krag, o Here,
om te handhaaf en te bou—
Dat die erwe van ons vaad're
vir ons kinders erwe bly:
Knegte van die Allerhoogste,
teen die hele wêreld vry.
Soos ons vadere vertrou het,
leer ook ons vertrou, o
Heer;
Met ons land en met ons nasie
sal dit wel wees, God regeer.

Hierdie deel van die verrigtinge sal nou gesluit word met gebed.

## Troue Brandwag Heengegaan

Met die heengaan van Jan van der Vyver van Laingsburg het die Afrikanervolk, en by name die Ossewabrandwag, een van sy getrouste ondersteuners verloor, skryf mnr. G. F. de Villiers van Laingsburg. Hy het sy volk gedien en het nooit geld of eer as erkenning vir sy volksdiens gevra nie. Hy het al sy kragte aan die Afrikanervolk gewy en waar dit nodig was, ook sy geld.

Hy was 'n steunpilaar van die ou Nasionale Party en later van die Herenigde Nasionale Party. Hy het volksdiens voor sy eie belang gestel en dit was dikwels ten koste van homself.

Met die stigting van die Ossewabrandwag het hy nie dadelik lid geword nie. Dit was eers met die eerste sametrekking op Matroosberg dat hy by die Ossewabrandwag aangesluit het. Hy het die Ossewabrandwag gedien — op die wa gebly — totdat hy deur die dood weggeneem is. Hy het die ou partystelsel heeltemal afgesterf en was op hoogte met die politieke toestand.

Die roudiens is waargeneem deur ds. W. A. Alheit. Die begrafnis was een van die grootste wat nog seker op 'n plaas gehou is. Dit het getuig van die wye vriendekring van wyle Jan van der Vyver.

By die graf het oom Jan van Zyl, oud-L.V. en vader van dr. Van Zyl, die aanwesiges toegespreek.

Ons bring hulde aan die nagedagtenis van Jan van der Vyver. — (Ingestuur deur G. F. de Villiers, Laingsburg.)


Stuur u POSBESTELLINGS vir
• KANTOORBENODIGDHEDE en
• SKRYFBEHOEFTES
na
SOLMS VAN NIEKERK
Groote Kerkgebou, Parlementstraat, KAAPSTAD — Foon 27017


Gryshare: Antigrys
herstel alle gryshare tot hul natuurlike kleur. Dit is vry van kleurstof of skadelike bestanddele, verwyder skilfers, bevorder kopvelkwale, laat hare groei, ens., 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. Ook kan blindederm en ander operasies vermy word en alle siektes en kwale met kruie en ander geneesmiddels behandel word. Skryf, gee besonderhede aan: DIE BOEREVROU, Posbus 7559, JOHANNESBURG.

PRETORIA-MARK
W. & P.
P.R.R.
Produsente, stuur u Produkte, Eeiers, Botter en Lewende Hawe na ons.
(Ontvangs-agente van alle slagvee vir die Vleiskontroleur)
Ons het 'n garansie van £2,500 by die Regering.
WEBB EN PRETORIUS
Pretoria se Oudste en Grootste Markagentskap


Lyk Hierdie Jaar Op U Beste!!
Ons bied die Allerjongste oggend- en middagrokke aan.
Lo- en Fremode Kostuums - - -
VAN ZYLS
Hoofstraat - - - Paarl

MEUBELS
PRYSE STYG VINNIG
KOOP NOU
Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad
WERDA
Meubelhandelaars
(EIENDOMS) BEPERK
Groote Kerkgebou — Kaapstad

Beskerm u Oë
Bring u oogarts se voorskrif na ons. Laat gekwalifiseerde Voorskrif-Oogkundiges u bedien.
Wahl, Lawrence
EN KIE.
BRILMAKERS
Adderleystraat 120a, Kaapstad
Foon 22408

PLUIMVEE
Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE
(Edms.) Bpk
MOREMARK (Posbus 7185) Newton

A.V.B.O.B.
Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars
Bloemfontein — Pretoria
130 Takke


DIT KOS MINDER EN U LINNE HOU LANGER!
SPAAR MOEITE en laat Spesialiteite u wasgoed doen
• WAS • DROOGSKOONMAAK • KLEUR
Adres: Hugenootstasie, Paarl
(Goedere halftarief)
PAARL STOOMWASSERY
Posbus 35 DIE PAARL Foon214
(1)

DIE O.B., WOENSDAG, 12 FEBRUARIE 1947.

# Klein Diktatortjies

As 'n reg geskend word — of dit nou al onder demokratiese onthouding of diktatoriale ingryping is — dan is dit 'n onreg en dit bly 'n onreg tot dit herstel is. Ten opsigte van die Randse mynwerkers is albei die vorms van onreg deur die huidige bewind gepleeg. By die uitbreek van die oorlog het hierdie demokrate in hul ywer om die demokrasie deur middel van 'n diktatuur te handhaaf, sonder enige redelike aanleiding ook in die huishoudelike aangeleenthede van die Mynwerkersbond ingegryp deur die konstitusie van die bond vir die duur van die oorlog op te hef. 'n Kliek aan die hoof van die bond, wat deur 'n latere kommissie van ondersoek van wanbestuur beskuldig is, het op hierdie wyse vir ses jaar lank volmag gehad om te maak en te breek soos hulle wou.

Teen hierdie toestand het die oorgrote meerderheid lede van die mynwerkersbond verlede jaar tot 'n staking oorgegaan en vir die tweede maal het die regering ingegryp deur die bestuur tydelik te skors hangende ondersoek deur 'n kommissie. Hierdie „ingryping" — wat allerweë geregverdig was, in aanmerking geneem die onthullings wat aan die lig gebring is deur die ondersoek — het voortgeduur tot op 'n tydstip toe die nuwe verkiesings getoon het dat die ou kliek in die minderheid geplaas gaan word langs konstitusionele weg. En toe het, blykens getuienis voor die latere hof, die regering vir die derde maal ingegryp deur die kommissie in die uitvoering van sy taak te belemmer sodat die verkiesings op verskeie skagte nie voltooi is nie. Met sy halfverkose bestuur is daar toe 'n vergadering belê waarop die ou betaalde amptenare, wat kragtens noodregulasie in hul posisie gekom en gehandhaaf is, die meerderheidstem vir die ou Brodrickgroep sou verseker. Teen hierdie toestand van sake het die mynwerkers nou vir die twede maal in staking gekom. Wat hulle eis is die demokratiese reg van 'n vakbond om sy eie sake ooreenkomstig die meerderheidswil van sy lede te bepaal. Hierdie reg ontsê die regering hom deur sy drievoudige ingryping — 'n ingryping wat nog steeds plaasvind solank die onvoltooide verkiesings vertraag en die noodregulasie-amptenare in hul posisie gehandhaaf word.

En die ironie van die hele saak is dat die regering weier om daardie onreg te herstel op grond van die verskoning dat hy nie mag inmeng in die huishoudelike aangeleenthede van die vakbond nie! 'n Meer deurweekte skande het nog selde onder die naam van die demokrasie plaasgevind — en dit is 'n mondvol gesê!

Dit het tyd geword dat die hele volk hom verset teen hierdie onreg, en die beste manier om dit te doen, is om die stakende mynwerkers alle sedelike en stoflike steun te verleen wat moontlik is. Die saak van die mynwerkers het 'n volksaak geword en indien hierdie proses van ministeriële diktatuur onder beroepspolitici van klein formaat gekeer moet word, is dit nou die tyd daarvoor.

# Van Ons Geen Hulde

Vir ons volk is die Britse koning die simbool van ons onderworpenheid en daarom 'n herinnering aan die gewelddadige verbreking van ons nasieskap en volksbesit in 1902. In sy naam het 480,000 troepe jag gemaak op 20,000 Boere wat op 31 Mei van daardie jaar die kelk van hul vernedering gaan ledig het toe hulle by Vereeniging hierdie koningskap aanvaar het — noodgedwonge en onder protes.

In naam van hierdie koningskap is 27,000 Boerevroue en kinders in Belsenkampe vermoor terwille van die goud van hul vaderland.

In naam van hierdie koning is 'n uitbuitingsproses aan die gang gesit waarvolgens Suid-Afrika al sy opbrengste onverwerk aan Brittanje moes lewer om dit weer van hom ten duurste te koop. Meer as 300,000 afstammelinge van die Boerevolk het in hierdie proses afgesak tot onder die broodlyn.

In naam van hierdie koning is Boereseuns in 1922 aan die Rand platgeskiet toe hulle geprotesteer het teen die verdere ontneming van hul brood.

In naam van hierdie koning is Afrikaners in 1914 doodgeskiet en in tronke gegooi omdat hulle geprotesteer het teen die klad wat Suid-Afrika hom op die hals gaan haal om in naam van 'n vreemde koning gebied van ander te gaan verower soos hul eie gebied gerowe is.

In naam van hierdie koning is ons land op 4 September 1939 weereens in 'n Empire-oorlog gewerp en is Afrikanerseuns uitgepers om in die woestynsand hul lewens te gaan voeg by die miljoene wat reeds vir „King and Empire" gesneuwel het. En in sy naam is honderde Afrikanergesinne tot hongersnood gedoem toe hul broodwinners soos regloses in kampe en tronke gestop is.

In naam van hierdie koning het ons 'n parlement ontvang om ons volk in 'n toestand van konstitusionele burgeroorlog te hou en wat die kanale bied waarlangs 'n vyfde kolonne van 'n vreemde moondheid met wetlike gesag beklee kan word om 'n hele volk tot vreemde diensbaarheid te dwing.

In naam van hierdie koning word die Empire-bande tans opnuut versterk.

Vir 'n lid van 'n vryheidsbeweging soos die Ossewabrandwag is dit ondenkbaar dat hy deur sy teenwoordigheid hulde sal bring aan wat vir ons volk 'n simbool is van sy diepste vernedering.

Ons laat dit oor aan die koning se werktuig, sy parlement, om eenparige hulde en „nederige welkom" aan hom te bring.

# Doel van Koning Se Besoek

**Koerante in Brittanje het die propaganda van die Engelse pers in Suid-Afrika wat wil voorgee dat die Britse koning in Suid-Afrika „kom vakansie hou" lelik in die wiele gery deur hulle verklarings dat die koning op 'n „besige sending" uit is wat van besondere waarde vir die Britse Ryk gaan wees.**

Die Sunday Chronicle verklaar: „Die koninklike besoek aan Suid-Afrika is geen vakansie nie, maar 'n besige sending. **Die waarde daarvan vir die Statebond en die Britse Ryk is veel groter as wat aan enige stoflike standaard gemeet kan word . . . .**"

Die Sunday Graphic sê o.m.: **Op hierdie oomblik skyn die hoofdoel van die besoek te wees die versterking van daardie bande van gehegtheid en vertroue wat ons Statebond baie doeltreffender saambind as enige band van staal.**"

Die Sunday Chronicle verklaar voorts dat „die teenspoed hier te lande nog nie geëindig (het) nie en in die buitewyke van die Ryk duur politieke botsinge nog voort." Die besoek van die koning, aldus die blad, kan dalk hierdie probleme oplos. **Hy verwys na die besoek van die Britse koning aan Kanada voor die oorlog en beklemtoon die voordele wat daaruit vir die Britse Ryk gespruit het.**

**MIELIE-PERMITTE OPGEHEF:** Die mielie-permitstelsel waardeur permitte nodig was vir die aankoop van mielies en mieliemeel, is opgehef, volgens 'n aankondiging in die staatskoerant. Die Unie het tans genoeg mielies om aan 'n redelike verbruik te kan voorsien.

**GOUDVONDS IN VRYSTAAT: In die afgelope week is een van die rykste goudriwwe in die Vrystaat in die omgewing van Odendaalsrust raakgeboor. Die aankondiging van die nuus word deur die effektebeurs as die belangrikste beskou sedert die afstapping van die Unie van die goudstandaard. Op die diepte van 4,886 voet is die basiese rif raakgeboor. Die monster teen 95 onse goud per ton in vergelyking met 6½ onse van die vorige sensasiewekkende vonds in Odendaalsrust.**

# SKYN BEDRIEG

**Na verneem word, word in Oos-Londen pragtige rotstuine inderhaas opgerig vir die koning se besoek. Daar is nog geen blomme op nie, maar die aand voor die koning opdaag, sal allerlei mooi vetplantjies in die grond gesteek word in die hoop dat dit darem sal hou tot die koning sy indrukke van die „blomme-stad" blywend gemaak het.**

# „Ons Voel Vandag Nog Skaam"

(DEUR M.E.R.)

**Aangaande die koninklike besoek — laat ons waar ons in onsekerheid verkeer omtrent die gedragslyn wat elkeen van ons met betrekking daartoe moet volg, ons les gaan haal in ons eie verlede: dit is wat die verstandige mens doen.**

Ons het voorheen al koninklike besoek gehad. Hierdie is nie die eerste nie. **En by die laaste besoek het ons hier en daar dinge gedoen of toegelaat waaroor ons vandag skaam voel.**

Ons voel b.v. skaam dat die studente van 'n Afrikaner-universiteit die prins van Wallis geesdriftig ingehaal en onthaal het. **Ons voel skaam dat die prins toegelaat was om 'n krans op die Vrouemonument by Bloemfontein te lê.** Hierdie twee dinge kon sonder enige onhoflikheid teenoor die besoeker voorkom geword het. Nou bly hulle daar as vernederende herinnerings, en dit is omdat daar in albei onopregtheid geskuil het, óf van onse kant, óf van die besoeker se kant.

'n Besoeker na 'n mens se huis of na sy land moet nie onhoflik ontvang word nie. Na die kennis wat jy omtrent hom het, ontvang jy hom met beleefdheid, of met agting, as hy agtenswaardig is. **Maar hartlikheid hou jy vir die wat jou ná aan die hart is, en geesdrif vir die weldoener wat jy eer. En dit is alleen die vertroude en beproefde vriend wat na die plekke toegelaat word waar jy die herinneringe aan jou volk se lyding bewaar.**

Dit is gedrag wat van 'n regskape mens verwag word. So stel hy die voorbeeld daar vir die wat na hom kom.

# Die K.G. Sê Dankie

**Dr. J. F. J. van Rensburg, Kommandant-generaal van die Ossewabrandwag skryf:**

**„Net om aan elkeen van die Ossewabrandwag wat trou by die beweging se standpunt gestaan het met die tussenverkiesing in Hottentots-Holland my warme dank oor te bring.**

**Die Ossewabrandwag het aan die H.N.P. nie net sy stemme nie maar ook aktiewe steun aangebied met behoud van identiteit en beginsels as voorwaarde.**

**Die steun is botweg van die hand gewys.**

**In die verkiesing het die H.N.P. sterk kleurling- en taamlike sterk Engelse steun ontvang. Maar van die sowat 400 Ossewabrandwag-stemme het hulle feitlik niks gekry nie.**

**Die Ossewabrandwag het as geslote blok sy hulp aangebied en toe dit geweier is, het hulle as geslote blok weggebly.**

**Dit is, te midde van die propaganda en verkiesingsroes, 'n sterke troubewys en ek wil my waardering daarvoor uitspreek.**

**Dit is nie elke kiesafdeling waar die kleurlinge se hulp ingeroep kan word nie, en dit is nie elke kiesafdeling waar hulle die aangebode steun van 'n blok van meer as 400 stemme van die hand kan wys nie, tensy hulle wil les opsê.**

**U trou en u saamstaan is 'n besieling, Brandwagte!"**

# Majubadagviering

## 27 FEBRUARIE 1947

TE

## „SPITSKOP" — LAPFONTEIN

***Duisende gaan kyk na 'n ontvangs van 'n Engelse koning in die Unie van Suid-Afrika — Wie van u kom bring hulde aan u eie helde van Amajuba-slag?***

**PROGRAM:**

3 n.m. — Opening en Verwelkoming deur Hoofkomdt. Breedt.
3.15 n.m. — Toespraak deur Boerejeugleier — Prof. D. J. van Rooy (Potchefstroom).
4 n.m. — VERKOPING begin van: Braaivleis, Boerewors, Toebroodjies, Pannekoek, Koue Geregte, ens.
KOMPETISIES: Jukskeigooi, Skyfskiet, „Vang die Vark".
6 n.m. — Toespraak: Oud-genl. D. du Toit.
6.45 n.m. — POUSE.
7 n.m. — Aansluitings by Amptelike Aandprogram.
Godsdiensverrigtinge deur ouderling Koot Steyn.

**AANDAG!!! Mede-Afrikaners!!!! Majubadag, 27 Februarie, val vanjaar op Donderdag. — Opoffering en stryd was nog ALTYD die weg van ons volk. Doen dus hierdie opoffering om 'n weeksdag af te sonder vir die nagedagtenis van U helde.**

***ONTHOU!!! „MAJUBA ROEP!***

LET WEL:
Uit die Klerksdorp- en Hartebeestfontein-paaie na Lapfontein, word die uitdraaie na die terrein aangedui met tekens. — Bring u eie koppie en veldstoel saam.

**W. VOIGT (Edms.) Bpk.**
Fabrikante van
**Kelder- en Besproeiingsmasjinerie**
Bus 10 — HUGENOOT (K.P.)

# Vroue-Laertrek Te Kroonstad

'n Groot en belangrike vrouekamp sal gehou word te Kroonstad D.V. vanaf 11 tot 18 Maart 1947.

**BYWONING:**

Alle offisiere en brandwagte van Gebied C moet dit as hulle plig beskou om hierdie kamp by te woon. Dit sal 'n voorligtings- sowel as opleidingskamp wees. Kommandantes moet onmiddellik hul lede in kennis stel en hulle volle besonderhede meedeel. Offisiere, brandwagte, lede van kommandowag, asook jeugoffisiere is welkom. Vroue van ander gebiede is ook baie welkom.

**SLUITINGSDATUM:**

Voor 25 Februarie moet elke kommandante die volgende besonderhede stuur aan genle. C. Meyer, Posbus 60, Christiana.

(a) Die name, range en adresse van vroue wat die kamp sal bywoon.

(b) Die tyd van aankoms op Kroonstadstasie. Meld ook wie per motor kom en wanneer.

L.W.—Hou u asb. by hierdie datum. Hoe eerder u dit kan stuur, hoe meer sal dit die werk vergemaklik.

**REISKOSTE:**

Die vroue sal hul eie reiskoste moet dek, tensy die kommando's anders besluit.

**Aankoms:** Almal moet in die kamp wees voor 3-uur nm., op Dinsdag, 11 Maart. Almal moet by die opening teenwoordig wees.

**Kampfooi:** Elke kampeerder betaal by haar aankoms 'n kampfooi van £1 12s. 6d.

**KOSVOORRADE:**

Hierdie keer word kommando's nie weer gevra om vir kosvoorrade te sorg nie. Elke vrou bring egter vir haar eie gebruik die volgende artikels wat skaars en moeilik verkrygbaar is, saam: tee, suiker, handewasseep en vuurhoutjies.

**BENODIGHEDE:**

Kampeerders moet vir die volgende benodighede sorg: Beddegoed en kampbeddens of matrassies. (Geen kampbeddens sal in die kamp te kry wees nie); eet- en drinkgereedskap; gewone kampklere, plathakskoene, ook wit rokke en oranje nekdoeke; die O.B. en F.A.K. sangbundels (almal moet die woorde van albei versies van die O.B.-lied ken); tentbenodighede soos spieël, handdoek ens.; baaikostuum indien verkies; reënjasse en sambrele; aantekeningboek en potlood. Indien iemand 'n trekklavier kan bespeel, moet sy dit asb. saambring; benodighede vir die maak van 'n pop. Hieroor sal volgende week iets meer verskyn. Die program volg later.

# Indiër Kry Geen Paspoort

Die Unie-regering het die aansoek om 'n paspoort vir dr. G. M. Naicker, die leier van die Indiër-wetsoortreders, na Indië geweier. Hy sou na Indië afgereis het om die regering van Indië „in te lig" oor die toestand in Suid-Afrika en om verdere politieke aksie teen blanke Suid-Afrika te bespreek. Hy sou die Pan-Asië-kongres op 24 Maart in Indië bygewoon het.

Die Natalse Indiër-kongres het telegramme aan sen. Basner en mnr. Alex Wanless, L.V., gestuur om by die regering protes aan te teken teen die weiering.

# Indiërkwessie Saak Vir Hele Land

## K.G. op Potchefstroom

POTCHEFSTROOM. — Op Saterdag, 25 Januarie, het die offisiere van generaalskap E8 'n vergadering gehou, in die huis van hfgenl. F. Labuschagne. Onder die aanwesiges was o.a. komdt-genl. Hans van Rensburg, gebiedsgeneraal J. G. S. Opperman, waggenl. H. Richter, hfgenl. F. G. Labuschagne, en offisiere van Potchefstroom, Klerksdorp en omstreke. Die Boerejeug is verteenwoordig deur jeugveldkt. G. M. van Rooy van JE8a2, Potchefstroom.

Die K.G. en sy gevolg is die aand om 7.30 nm. by die vergadering ingewag deur 'n erewag wat bestaan het uit lede van die Boerejeug, onder bevel van asst.-veldkt. C. Albertyn (JE8a2).

Nadat genl. Labuschagne die aanwesiges welkom geheet het, het genl. Opperman die woord geneem. „Waar ek ookal in gebied E kom, vind ek die offisiere en kommando's vol moed en opgeruimd", het die generaal gesê. Hy het besluit, deur die offisiere aan te moedig tot groter aktiwiteit, veral met die oog op die naderende funksies.

„Laat jul vure vanjaar op die hoogste koppe brand, en vier vanjaar vryheidsdag, soos julle hom nog nooit vantevore gevier het nie", het die generaal besluit.

Hierna het die K.G. die woord gevat. Hy het jeugveldkt. Van Rooy gelukgewens met die optrede van die Boerejeugwag wat hom buite ingewag het.

Die K.G. het die samewerking tussen die verskillende nasionaal-gesinde groepe behandel en gewys op die ooreenkoms tussen die A.P. en die O.B. se sienswyse, en die verskil wat dit toon met die sienswyse en optrede van die H.N.P. Spr. het voorts die Indiër-vraagstuk kortliks behandel en wenke aan die hand gedoen hoe die koelies suksesvol geboikot kan word. **„In hierdie geval kan ons geen verskil sien tussen alle blanke inwoners van Suid-Afrika nie. Dit is 'n vraagstuk wat ons almal tref, en almal sal moet saam optree," het die K.G. besluit.**

Veldkt. Schulze van Potchefstroom het daarna 'n woord van dank uitgespreek aan die sprekers.

# „Deporteer Alle Blankes" Sê Indiër

„Die blankes in Suid-Afrika moet na Europa gedeporteer word". Hierdie aanbeveling en verregaande brutaliteit kom voor in 'n Natalse Indiër-blad, Indian Views.

Die blad verwys na dr. D. F. Malan se opmerking in die volksraad dat die Indiërs gerepatrieer moet word, en verklaar dat dit nie die probleem sal oplos nie, omdat daar geen Indiërvraagstuk in Suid-Afrika is nie. Die probleem is 'n kleurprobleem, een van blank teen nie-blank en omdat die nie-blankes meer is, moet die blankes na Europa verwyder word.

# Jode Word Ongewild

Die gevoel teen die Jode en die opvlamming van Fascisme in Brittanje is tans weer soos in die voor-oorlogse dae. In die afgelope dae moes polisieversterkings na sekere dele in Londen, waar daar baie Jode woon, gestuur word, omdat geweldpleging teenoor Jode gevrees is. Die veldtog teen die Jode vind plaas onder leiding van die Britse Fascistiese Bond. Dieselfde tekens is vandag ook in die Balkan-lande en Pole merkbaar waar die Jode hoe langer hoe meer ongewild raak.

# SOOS ONS LESERS DIT SIEN

## KINDERS EN KONING

Ouer, Kaapstad, skryf: Gaan ons wat nie glo in 'n Empaaier nie, maar in 'n republiek, toelaat dat ons kinders hulle nekke gaan rek om 'n koning en sy gesin wat van oorsee kom, te sien? Ek verstaan dat staanplek vir alle skole uitgedeel is. Word skoolkinders gedwing om aan die nekrekkery en kykery deel te neem, of word die keuse gelaat om by die skool te bly of te gaan, soos kinders verkies? My kind is in een van ons Afrikaansmedium-skole, en die sal seer sekerlik nie gaan nekrek nie. Die kind het self reeds 'n besliste besluit geneem sonder dat ek as ouer daarvan geweet het.

(Na ons verneem is die meerderheid van die Afrikaanse skole van voorneme om weg te bly. — Red.)


## DIKTATUUR NA WILLEKEUR

Die regering het by monde van min. S. F. Waterson aangekondig dat hy twee jaar ná die einde van 'n oorlog om behoud van die demokrasie nou in die rigting van demokrasie begin dink, maar dat dit nog geruime tyd sal neem voordat Suid-Afrika weer heeltemal 'n demokrasie sal wees, indien hy dit ooit weer sal word.

Die Minister het naamlik te kenne gegee dat die wet op oorlogsmaatreëls, wat die regering met diktatoriale magte beklee het, nou herroep sal word insover geen nuwe noodmaatreëls daarkragtens uitgevaardig mag word nie. **Die bestaande noodmaatreël sal egter vir twaalf maande gehandhaaf bly, en indien nodig, nog langer.**


'n WAARBORG . . .

Produkte wat deeglik gemaak is, is altyd 'n voordelige belegging . . . Volg die voorbeeld van duisende beleggers—koop Kommando-sigarette.




RONDE
Kommando
-SIGARETTE
OOK OVAAL VIR DIEGENE WAT DIT VERKIES
B.H. 2369



EINDELIK WEER VERKRYGBAAR!

Ek Rebelleer

deur

J. A. Smith

7/9 posvry.

Hierdie werk was vir jare uit druk. Lees hoe Genl. Smith as skoolseun gedurende die Anglo-Boereoorlog gerebelleer het.

OOK PAS WEER VERSKYN!

Kom Ons Rangskik

Suid-Afrikaanse Blomme

12/6 posvry.

Pro Ecclesia-Boekhandel

POSBUS 29,
STELLENBOSCH

SÊ ASB. DAT U DIE ADVERTENSIE IN DIE O.B. GESIEN HET



Ons Gee nog Steeds LEIDING
S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENTWERKE
(EIENS.) BPK.
Voortrekkerweg — MAITLAND

MARKAGENTSKAP
VROEË MÔRE-MARK
KAAPSTAD

Betaling geskied onmiddellik weekliks, maandeliks of soos verlang

Beste heersende pryse

MINNAAR EN VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF

G. A. FICHARDT, Bpk.
(Lid Afrikaanse Handelsinstituut
MASJINERIE, YSTERWARE, PRODUKTEHANDELAARS
Foon 700 Opgerig 1848
BLOEMFONTEIN

Spesiale Aanbod in
DAMESHANDSAKKE
Egte leer, met leer uitgevoer, teen presies die prys wat u. wil betaal.

KOM SEKER NA
Steyns
DIE MODEWINKEL
PAROW

TOT U DIENS . .
Geldenhuys Ingenieurswerke
DRAAI
PAS
SWEISWERK
Wynnestraat 13 — PAROW

Sien Advertensie onder Geklassifiseerde Advertensies.

# DIE Boere Jeug

AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT „DIE O.B." VAN WOENSDAG, 12 FEBRUARIE 1947.

# VEREER ONS EIE

## LOS WAT VREEMD IS

**Sy Majesteit se Regering het onlangs 'n mosie in albei Huise van die Parlement deurgevoer waarin besluit is dat hulle namens die Volk van Suid-Afrika 'n vriendelike verwelkoming tot Sy Majesteit, die Koning van Brittanje, en sy gesin sal rig, sodra hulle hier aan wal stap. Selfs geen enkele teenspraak is van die kant van sy Majesteit se Opposisie oor hierdie voorstel verneem nie. Dus, 'n mosie van volle vertroue deur sowel sy Majesteit se Regering as Opposisie in hulle Koning.**

Maar dit is nie net in die Parlement dat die besoek van die Britse Koning, die opperheer van ons Demokratiese Partystaat, met gejuig en gejubel na uitgesien word nie. Nee, buitekant, oral waar ons kyk, is alles in rep en roer vir die ontvangs van sy Hoogheid, die Britse Koning.

Maande gelede is reeds deur elke nuusblad aan die lesers wat geïnteresseerd is, beskryf hoedat voorbereiding vir sy besoek getref word, watter kisklere elke Volksraadslid moet aantrek as hulle Koning hulle met sy teenwoordigheid op staatsbankette vereer, wanneer om te sê „Ma'am" en wanneer nou „Sir". Ook moes daar, met die oog op propaganda, vermeem word hoedat sy Majesteit, die simbool van daardie groot en magtige Gemenebes van Nasies, waarvan Suid-Afrika glo ook 'n „erelid" is, die wens uitgespreek het om hierdie „goedhartige, vriendelike, gasvrye en lojale mense van Suid-Afrika te ontmoet".

En nou, een van die dae is daardie simbool van Britse Grootheid hier in Suid-Afrika, wanneer hy offisieel deur ons Parlement, sonder enige teenstem van ons geëerde Nasionale Volksverteenwoordigers wat die belange van die Afrikanervolk glo die naaste aan die hart dra, hartlik verwelkom sal word. Nie lank nie, dan sal ons strate krioel van mense wat graag 'n kykie na sy Majesteit wil neem, oral sal parades gehou word, pronk-optogte gereël word, vliegtuie dreun, en wat nog. Alles ter verering van die grootheid van Groot-Brittanje.

### EN ONS OPTREDE

Ken ons, Boerejeug, dan nie reeds meer as veertig jaar daardie Britse „grootheid" nie, dat ons deur ons deelname aan die feesvierings nog gaan help om dit te versterk nie? Het ons volk nie al as Volk in konsentrasiekampe, agter verbrande ruïnes, as bannelinge en nog onlangs in die interneringskampe en kaffertronke van daardie „grootheid" ondervinding opgedoen nie? Het die partypolitieke twiste in ons Vaderland ons nie al genoeg van die „grootheid" van daardie land, waar hierdie volksverdelende stelsel sy ontstaan het, laat smaak nie?

**Ons Volk, en veral ons Jeug, mag nie al wat vir hom dierbaar is, gaan verkwansel vir die plesier om aan feesvierings te gaan deelneem wat nie vir die Boerevolk tot seën gaan wees nie. Die Boerejeug weier om sy siel te verkoop vir die tydelike** voordeel van 'n paar soetkoekies of 'n bietjie versuikerde water, wat as lokmiddel vir hom op skoolpartytjies, ens., aangebied sal word nie. En as ons 'n medalje wil dra, dan gaan dit sowaar nie een wees wat vir ons vir altyd daaraan sal herinner dat ons aan 'n ander volk verbind is nie. As daar dan vir ons vakansiedae gegee moet word, waarom nie Volksvakansiedae nie, dae warop ons ONS Boerehelde kan vereer. Aan geen ander vakansiedae, feestelikhede, ere-optogte, neem ons deel nie. **Ons is die Jeug van die Boerevolk en bly die Jeug van ons Boerevolk. Aan niemand anders is ons enige verering verskuldig nie.**

### VERSTERK JOUSELF!

Boerejeug, laat ons in hierdie dae van vreemde „feesviering" heeltemal apart staan. Laat ons nie meehelp om hierdie simboliese herdenking van die s.g. „onderwerping" van ons Volk, vyf-en-veertig jaar gelede, as 'n feesdag te behandel nie. **Laat ons liewer ons gedurende daardie tyd heelhartig beywer om onsself en ons organisasie so te versterk dat ons in staat sal wees om daardie berowe vryheid weer terug te wen.**

**Vryheidsdag roep ons om ons heeltemal los te breek van wat volksvreemd en volkskadelik is. Laat ons die vlam aansteek en die Britse besoeker laat sien dat die Boerevolk in die lig van die verlede besig is om hom vir die terugname van sy vryheid voor te berei.**

# Boerejeugdrag

## Asst.-Veldkornet (te)




**DOGTERS:**

**Romp:** Dik marineblou stof (sersje aanbeveel). Lengte tot op knieskyf. Agter in twee pante gesny.

**Bloese:** Wit oopnekbloese met twee sakke met klappe en skouerlissies. Moue opgerol.

**Kopstuk:** Wit Panama, voor af en agter opgeslaan. Rant 3½ tot 4 dm. wyd, omsoom met marineblou lint van ¾ dm. Hoedband marineblou, ¾ dm. wyd.

**Nekdoek:** Koningsblou, styf ge-




rol met kort punt agter. Onder kraag gedra. Punte voor aanmekaar geknoop en onder lyfband ingesteek. Swart hout nekdoekringetjie, omtrent ½ dm. wyd.

**Skoene:** Swart plathak toerygskoene.

**Sokkies:** Wit.

**Lyfband:** Swart breë leerband (1¾ dm.) met swart gespe.


**Kentekens:** Sleutelsteenteken op linkersak. Wapen op voorkant van hoed. Koningsblou fluitjietou op linkerskouer.

**Trui:** Alhoewel nie deel van die uniform nie, mag 'n marineblou trui in koue weer gedra word.


**SEUNS:**

Dieselfde as die Boereseuns (sien uitgawe van 29 Jan.)

RANGTEKENS



Rangband



Skouer

**RANGTEKENS**

**(Seuns en Dogters)**

(a) Rangband om linker boarm.

(b) Een akkerblaar op elke skouerlissie.

**KIEKIES VAN LAERTREK FRANSCHHOEK**

**Boerejeughoofkwartier het terwille van diegene wat graag kiekies wil hê van die Des.-laertrek op Franschhoek, twee stelle uitgesoek van 6 en 12.**

**Eersgenoemde gee 'n baie goeie weergawe van alle kamp-aktiwiteite, terwyl l.g. meer uitgebrei is (dit sluit e.g. ook in). Plaas dus dadelik julle bestellings, tesame met 2/- vir die klein stel en 3/6 vir die groter een (posvry) en jul naam en volle adres by: Boerejeughoofkwartier, Meyergebou 9, Kerkstraat, Potchefstroom. (Bestellings sluit einde Februarie).**

# Amptelike Kennisgewings

**Die volgende landsdienslaertrek sal gedurende die April-skoolvakansie vir alle lede van die SEUNS-AFDELING van die Boerejeug BO 13 JAAR gehou word.**

**A M A J U B A**

**29 MAART TOT 11 APRIL 1947.**

**Hierdie periode dek die skoolvakansies van al die verskillende Gebiede. Nadere besonderhede is in Boerejeugbevel 1/47 by plaaslike jeugoffisiere verkrygbaar.**

# Verjaardagketting

Slegs die name van kinders wat hulle sedert hul vorige verjaardag weer as lede van die Verjaardagketting laat registreer het, word geplaas. Vir 1947 word die name van net die persone wat na 1930 gebore is, in die register aangeteken.

2 FEB.: Heilie Welthagen, Mooinooi; Johanna du Toit, Middelburg, Tvl.; Magdalena le Roux, Frankfort.

3 FEB.: Cornelia Jacobs, Vischgat; Lukas Fourie, Luckhoff; Yvonne Minnaar, Paarl.

5 FEB.: S. W. van der Merwe, Malmesbury; Hugo Geldenhuys, Wellington.

6 FEB.: Alida van Wyk, Boshoek; Bart Jordaan, Suider-Paarl.

7 FEB.: Anna Theron, Koster; Hendrien Swanepoel, Wellington.

11 FEB.: Careen van Niekerk, Wellington; Pieter Cillie, Wellington; Andries Retief, Paarl; Paul Roux, Suider-Paarl; Hester Steyn, Paarl.

17 FEB.: Helena Malan, Hugenoot; Johanna Senekal, Paarl.

18 FEB.: Martie Nieuwoudt, Stellenbosch.

19 FEB.: Pierre Oliver, Frankfort; Lotz Nieuwoudt, Stellenbosch.

21 FEB.: Aletta du Toit, Noorder-Paarl.

22 FEB.: Marie van der Westhuizen, Paarl.

26 FEB.: Hester van Staden, Groot-Marico; Joeleen Swanepoel, Wellington; Johan Boshoff, Calitzdorp; Johan Louw, Suider-Paarl; Elizabeth Cillié, Paarl.

27 FEB.: Elsa Slabbert, Paarl.

28 FEB.: Jenny Basson, Stellenbosch; Maritha Smit, Rugby; Anna-Rina van der Westhuizen, Paarl.

*OPSIENBARENDE ONTHULLINGS*
*WAARHEDE WAT SOOS DONDER SLAAN*

Lees ——

**HEAR THE OTHER SIDE**

*(The Afrikaner Side and the German Side)*

deur

JOHAN SCHOEMAN

Prys 2/6 posvry

Hoofstukke in Afrikaans en in Engels:

- HEAR THE OTHER SIDE
- A CHALLENGE: £500
- HOLISTIC HOWLERS: THE DRAMA OF THE (W)HOLES
- A BACKVELD BOER REPLIES TO PRINCESS ELIZABETH
- DIE ENGELSE KONING KOM — WAT GAAN ONS DOEN?
- VERDERE KABELGRAMME AAN SMUTS, E.A.
- DIE MOORD VAN NEURENBERG

**BESTEL ONMIDDELLIK. NIE SLEGS EEN EKSEMPLAAR NIE, MAAR SOMAAR 4 OF 8 TEGELYK, VAN PUBLICITÉ**

**PUBLICITÉ,**
**Posbus 4892,**
**JOHANNESBURG.**

Stuur my asb. .......... eksemplare „HEAR THE OTHER SIDE" teen 2/6 elk posvry, waarvoor ek .......................... insluit.

NAAM ..........................

ADRES ..........................

# Koningswater Agter Slot In Droogte-Gebied

## Verontwaardiging Laai Op

**Groot verontwaardiging heers in plattelandse kringe oor die geweldige koste wat klein dorpies en selfs stasietjies aangaan om die koning vir 'n paar minute te ontvang. Die feit dat een klein plekkie £15,000 bestee om die koning op sy verbygang vir 17 minute te bewierook, word moeilik afgesluk wanneer daaraan gedink word dat van meeste van hierdie plekke sit met verarmde gesinne vir wie se welsyn hierdie reuse-bedrae meer blywend aangewend kon word.**

Nog groter is die verontwaardiging oor die feit dat die regering nagenoeg £40,000 aan geskenke vir elk van die koninklike gesin gaan bestee — mense wat seker al sat moet wees van al die weelde — terwyl daar niks gedoen word aan die dele van Kaapland wat so swaar deur droogte geteister word nie. Honderde boeregesinne staar ondergang in die oë en op sommige plekke moet boere reeds hul drinkwater van die dorpe af aanry.

In die aangesig van hierdie waternood, het die regeringspers nog die skaamteloosheid om vir propagandadoeleindes te berig hoe daar vir die koning in die droogte-gebied spesiale tenks aangebring word wat met slotte verseël is sodat die plaaslike gemeenskap nie dalk uit nood gedrewe van die koninklike water sal drink nie. „Soiets kan dalk die koning se reisprogram vertraag," het dit gelui.

(Op 'n late uur is verlede week aangekondig dat stappe oorweeg word vir hulp aan die boere.)

Die volk word almeer siek en sat vir die politieke maneuwer van die regeringsparty om teen so 'n hoë koste vanuit die Engelse paleis menslike wesens in te voer wat per slot van sake die rol van verkiesingspropagandiste sal moet speel.

Dat die leiers van die opposisieparty aan hierdie gedoente regstreeks en onregstreeks deelneem, wanneer polisiebeamptes hul brood in gevaar stel liewer as om daarby ingesleep te word, is 'n feit wat in wye kringe betreur word.

Hierdie houding van die opposisie-leiers word alleen verklaar uit hoofde van die feit dat hulle mede-Afrikaners se aanbiedinge tot samewerking in die wind slaan, en gevolglik op Engelse steun by 'n verkiesing aangewys is. Lojaliteitsbetuiging aan die koning moet dus hier ook dien as 'n verkiesingsmaneuwer, al bring dit versterking van die Britse konneksie mee.

# £50,000 Net Vir 4 Presentjies

**Dat die regering moontlik meer as £30,000 gaan bestee net aan geskenke vir die twee Britse prinsessies blyk uit inligting wat verlede week deur genl. Smuts aan die parlement verstrek is. Hy het gesê dat die regering se verjaardaggeskenk aan prinses Elizabeth uit 21 gegradeerde, geslypte diamante sal bestaan, met nog 'n sestigtal kleinere daar tussenin, en dat die ongeslypte diamante se waarde £16,000 is.** Die waarde is natuurlik aansienlik hoër ná die slypery. Die ander prinsessie sal 'n dergelike geskenk ontvang met sewentien diamante in plaas van 21 — dus nie veel minder in waarde nie. Die gesamentlike waarde van die twee staatsgeskenkies beloop dus ruim oor die £30,000.

Maar ook aan die koning en koningin sal van owerheidsweë vrygewiglik gedink word. Die koning sal „'n klompie diamante" in 'n goue kissie ontvang en die koningin 'n goue teeservies. **Dat die koning se geskenk nie by dié van sy dogter sal afsteek nie, kan as 'n vanselfsprekendheid aangeneem word. Die totale bedrag wat net aan presentjies bestee sal word, kan dus maklik £50,000 te bowe gaan.**

Afgesien hiervan gaan ook die Spoorweë geskenke in die vorm van diamante uitdeel. Prinses Elizabeth gaan in Oos-Londen vyf aangebied word wanneer sy die droogdok aldaar open.

Die geriewe wat vir die koninklike gesin aangebring word, is, na ons verneem, in sommige gevalle so verregaande bespotlik dat dit moontlik vir Majesteitskennis vertolk kan word om dit selfs maar te noem.

### KONING SE DRUIWE NOG SUUR

Die belaglikheid waartoe die Engelse propaganda verval in hul poging om die Suid-Afrikaanse bevolking koningsbewus te maak, blyk uit 'n berig uit Worcester in die Cape Times wat lui dat die druiwe wat die koning by Breë Rivier sal eet, nog suur is, maar oor drie weke soet behoort te wees!

### VRAAGTEKENS

**Onder opskrif van twee vraagtekens verklaar Forum dat genl. Smuts net voordat hy die voorstel in die parlement ingedien het dat 'n „nederige adres" namens die parlement aan die koning oorhandig word, samesprekings met dr. D. F. Malan, leier van die opposisie, gehad het. Dit is iets wat heel selde gebeur, verklaar die blad, dat genl. Smuts in gesprek gesien word met lede van die opposisie. Die mosie van genl. Smuts wat hy hierna voorgestel het, is met algehele eenparigheid deur die volksraad aanvaar.**

# GEEN GESKENK VIR NAMAKWALAND

**Onderstaande brief van mnr. D. J. Scholtz, L.P.R. van Namakwaland, is aan Die Burger gestuur vir publikasie, maar dit is geweier:**

Die Persberig dat 400 van Namakwaland se pronk diamante aan die Kroonprinses geskenk sal word is nie sonder ironie nie.

Vierhonderd van Namakwaland se pronk diamante is buitendien nie £20,000 werd soos die berig sê nie. Namakwaland se pronk diamante is minstens £5,000 stuk werd; dus £2,000,000 vir die 400. **Dié soort wat 400 op die £20,000 gaan, kan jy vir g'n vorstelike geskenk gebruik nie. Dit sal 'n belediging wees.**

Om weer terug te kom tot die ironie van die saak, soos alombekend, het die Namakwalanders so pas 'n hewige veldtog beëindig vir die bou van 'n spoorweg deur hulle gebied om Bitterfontein met die Suidweslyn by Karasburg te verbind. Hierdie veldtog was gebaseer op goeie en oortuigende gronde. Dit is ook 'n veldtog wat met slegs enkele onderbrekings reeds vir 'n 20 jaar en meer gevoer word, behalwe dat die gronde sterker is as ooit tevore. Die veldtog het landswye ondersteuning geniet, en alom was die simpatieke kreet gehef: „Waarom nie van hulle diamante gebruik om verligting in hulle toestand te bring nie."

Die toeganklikheid van hulle gebied sou daardeur bevorder word.

Die ontginning van duisende tonne van minerale erts sou daardeur moontlik gemaak word.

Die vervoer van voervoorrade en troppe vee tydens droogtes sou die behoud van tienduisende vee beteken.

Die vervoer van 'n huidige kwartmiljoen slagvee jaarliks na die Kaapse markte sou moontlik verdubbel kon word instede van dat 'n streep dooie liggame en geraamtes die honderd myl lange trekpad na die naaste stasie aandui waarlangs die vee hulle laaste sombere reis afgelê het, soos die geval nou is.

**Die afstand vanaf Suidwes ('n gebied van 317,000 vk. myle — dus meer as drie keer so groot as Brittanje en Skotland saam) na Kaapstad sou met 500 myl verkort word wat 'n besparing op die bestaande verkeer, by De Aar om, van 35½ miljoen ton-myle jaarliks sou beteken.**

Dit alles en nog baie meer is aan die betrokke Minister met vers en kapittel voorgelê en sy antwoord was: **„Dit sal twee miljoen kos, en kan julle dit waarborg?"**

### DROOGTE

Nou op die oomblik sukkel die mense in Namakwaland met 'n alles verterende droogte. Deur honger word vee dagliks by die duisende afgemaai. Dag vir dag word gesukkel met waens, karre, bakkies en wat dies meer sy om voer, water en bly-lêende diere te karwei in 'n wanhopige poging om lyding te versag en te red wat nog te red is. **Die spoorweg wat die enigste uitkoms en redding sou gewees het is nie daar nie omdat dit twee miljoen sou gekos het.**

En juis nou moet met gejuig en trompetgeskal die jubeltyding kom dat van Namakwalandse diamante ter waarde van 'n bedrag wat nagenoeg die koste van die spoorverbinding sou dek, as 'n geskenk oorhandig word! Hierdie besluit openbaar slegte smaak. As daar geskenke gegee moet word — ek is nie daarteen nie — laat ons maar vriendskap en welwillendheid van die Grotes koop —ons sal dit seker nie op 'n ander manier kry nie — laat ons dit dan doen op 'n manier wat nie aanstoot gee en wrewel laat ontstaan in die harte van 'n reeds misdeelde en verontregte gemeenskap nie.

Die billikheid van ons aanspraak op die spoorweg was deur almal erken (selfs die Minister) afgesien van wat sy of haar politieke oortuigings ookal was, en so ook sal die regverdigheid van bostaande opmerkings deur elke billike persoon onderskryf word.

### GEEN GENOT

Laat dit in gedagte gehou word dat die waarde van 'n geskenk bestaan uit die genot wat dit bring aan die persoon aan wie dit geskenk word. Bring dit geen genot nie, dan het dit geen waarde nie afgesien van wat die stoflike waarde daarvan ookal mag wees.

Bogenoemde toestande in Namakwaland sal vroeër of later tot die kennis van haar Koninklike Hoogheid kom. Sy sal hoor watter onverbiddelike stryd daardie afgesonderde gemeenskap teen 'n wrede natuur voer. Sy sal hoor hoedat spoorwegvervoer hulle redding en uitkoms sal wees. Sy sal hoor hoedat daarvoor gesmag en gepywer was, en hoedat, omdat dit twee miljoen sou kos, dit geweier is, en sy sal ook weet dat haar diamante nagenoeg die waarde van daardie spoorweg het. En as sy dit alles weet, word die geskenk waardeloos, want die genot wat die weinig ekstra glans Haar Koninklike Hoogheid sal besorg sal verduister in haar verskuldigde besorgdheid oor die ontberings van 'n geïsoleerde gemeenskap in die land van haar juwele se herkoms.

Die geskenk sal, instede dat dit afkoopwaarde vir welwillendheid besit, word 'n nuttelose verkwisting van staatseiendom bloot tot verheerliking van die inkruip-aspirasies van 'n klompie empire-aanbidders.

(Nadat ook die Engelse pers beswaar gemaak het teen die 400 diamante, is die getal verminder soos elders in ons blad berig. Dit verander egter niks aan die beginsel en moontlik ook nie veel aan die totale waarde van die gesamentlike diamantgeskenk nie.—Red.)

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Pro Ecclesia-Gebou, Birdstraat, Stellenbosch.


**STUDEER U?**

**PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL KAN AL U STUDIE-BOEKE VOORSIEN!**

**Wetenskaplike Boeke oor die volgende onderwerpe is nou in u EIE TAAL beskikbaar**

**Wiskunde:**




**ANALITIESE MEETKUNDE VAN DIE PLAT VLAK**
deur Prof. D. J. van Rooy
20/6 posvry

**Physiologie:**

**MENSLIKE PHYSIOLOGIE**
deur Dr. H. E. Brink
Deel I en II — 21/- elk posvry

**Opvoedkunde:**
- **INLEIDING TOT DIE ALGEMENE TEORETIESE OPVOEDKUNDE** deur Prof. dr. J. C. Coetzee . . . . . . . . . 15/6 posvry

**Bantutale:**
- **INLEIDING TOT DIE STUDIE VAN SUID-SOTHO** deur Prof. dr. B. I. C. van Eeden . . . 12/6 posvry

**Soölogie:**
- **DIE ONTLEDING VAN DIE KONYN** deur Dr. C. Grobbelaar . . . . . . . . 13/9 posvry

**Regsleer:**
- **INLEIDING TOT DIE ALGEMENE REGSLEER** deur Prof. L. J. du Plessis . . . . . . . . . 3/- posvry

**Ekonomie:**
- **INLEIDING TOT DIE EKONOMIE** deur Prof. C. G. W. Schumann en Prof. D. G. Franszen . . . . . . . . . . 20/6 posvry

**VRA OM VOLLEDIGE LYSTE**

**Pro Ecclesia-Boekhandel**

**Posbus 29 STELLENBOSCH**